Groothandelspryse het vanaf Julie 1975 tot Julie 1976 met 15,3 persent gestyg, teenoor 16,1 persent gedurende die voorafgaande jaar. Gedurende die tweede kwartaal van 1976 het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks van goedere vir binnelandse gebruik teen 'n jaarkoers van 15,3 persent gestyg, nadat dit in die eerste kwartaal van 1976 tot 12,7 persent verlangsaam het. Hierdie versnelling is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n hoër koers van toename in die pryse van plaaslikvervaardigde goedere. Skerp toenames het in die pryse van plaaslikvervaardigde drank, tabak, basiese metale en metaalprodukte voorgekom. Hoofsaaklik as gevolg van die devaluasie van die rand in September 1975, het die groothandelspryse van ingevoerde goedere in die vierde kwartaal skerp gestyg teen 'n jaarkoers van 33,2 persent, maar die koers van toename het in die daaropvolgende twee kwartale tot 18,8 en 15,3 persent verlangsaam.


Betalingsbalans

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans het gedurende die tweede kwartaal R487 miljoen beloop, vergeleke met R528 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1976. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die tekort op die lopende rekening effens verbeter vanaf R2 215 miljoen in die eerste kwartaal tot R2 108 miljoen in die tweede kwartaal van 1976. Hierdie verbetering was feitlik uitsluitend toe te skryf aan 'n verdere toename in goedere-uitvoere, wat die toename in netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld meer as geneutraliseer het. Sowel goedere-invoere as die netto goudproduksie was gedurende die tweede kwartaal van 1976 effens laer as gedurende die eerste kwartaal.


Goedere-uitvoere het vir die sesde opeenvolgende kwartaal 'n toename getoon, naamlik vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R4 238 miljoen in die eerste kwartaal tot R4 454 miljoen in die tweede kwartaal van 1976. Alhoewel hierdie toename in die meeste van die belangrikste kommoditeitsgroepe voorgekom het, het 'n merkbare toename in die uitvoer van onedelmetale, veral staal en koper, voorgekom. In teenstelling hiermee het mielie-uitvoere aansienlik afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n kleiner uitvoervolume.

Nadat goedere-invoere gedurende die drie voorafgaande kwartale aanmerklik toegeneem het, het dit effens verminder vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R7 681 miljoen in die eerste kwartaal tot R7 652 miljoen in die tweede kwartaal van 1976. Hierdie daling het voorgekom ten spyte van 'n verdere styging in pryse, wat daarop dui dat die waarde van goedere-invoere teen konstante pryse in die tweede kwartaal 'n opmerkbare afname getoon het. Die afname in die waarde van goedere-invoere teen heersende

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening




pryse is hoofsaaklik deur 'n skerp afname in die invoer van onedelmetale en tekstielware meegebring, terwyl die invoer van vervoertoerusting gedeeltelik as gevolg van die aflewering van twee Boeing-vliegtuie aan die Suid-Afrikaanse Spoorweë, weer aansienlik toegeneem het.

Die waarde van die netto goudproduksie het afgeneem vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 427 miljoen in die eerste kwartaal van 1976 tot R2 409 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie afname was uitsluitend aan 'n laer gemiddelde goudprys op die private mark toe te skryf aangesien die fisiese volume van die goudproduksie gedurende hierdie tydperk

toegeneem het. Die verdere styging in rentebetelings op buitelandse lenings was op sy beurt verantwoordelik vir die skerp toename in netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld.

'n Aansienlik kleiner netto invloeiing van buitelandse kapitaal wat R89 miljoen beloop het, is gedurende die tweede kwartaal aangeteken, vergeleke met 'n netto invloeiing van R483 miljoen gedurende die eerste kwartaal en 'n gemiddelde kwartaallikse invloeiing van ongeveer R474 miljoen in 1975. Die betreklik klein invloeiing van kapitaal gedurende die tweede kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van 'n verandering in die kapitaalvloeiing na die sentrale regering en banksektor vanaf 'n invloeiing van R479 miljoen in die eerste kwartaal tot 'n uitvloeiing van R1 miljoen in die tweede kwartaal van 1976. Hierdie ommeswaai is meegebring deur 'n aansienlike vermindering in die buitelandse

Netto buitelandse kapitaalbewegings volgens sektor



lenings wat deur die sentrale regering en die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangegaan is. Die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor (insluitende die openbare korporasies) het toegeneem vanaf R4 miljoen in die eerste kwartaal tot R90 miljoen in die tweede kwartaal, ondanks 'n verdere aansienlike uitvloeiing van korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, ten bedrae van R220 miljoen in die tweede kwartaal van 1976. Openbare korporasies het verdere bedrae in die buiteland geleen vir infrastrukturele ontwikkelings en die buitelandse langtermynkapitaalbewegings na die res van die private sektor het verander vanaf 'n netto uitvloeiing van R50 miljoen in die eerste kwartaal tot 'n netto invloeiing van R84 miljoen in die tweede kwartaal van 1976.


Die netto resultaat van die aansienlike tekort op die lopende rekening, die klein netto invloeiing van buitelandse kapitaal en waardasie-aansuiwerings, was 'n vermindering van nie minder nie as R395 miljoen in die bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal tot 'n vlak van R951 miljoen teen die einde van Junie 1976. Daarna het die goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met 'n verdere R114 miljoen in Julie en R54 miljoen in Augustus gedaal. Ten einde die herstel van die betalingsbalans te bespoedig, het die owerhede met ingang van 2 Augustus 'n tydelike invoer-depositoskema ingestel.

Monetêre en banktoestand


Die jaarkoers van toename in die seisoens-aangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld het effens toegeneem vanaf ongeveer 15 persent gedurende die eerste kwartaal van 1976 tot meer as 17 persent gedurende die tweede kwartaal. Vanweë 'n daling in geld en kwasi-geld gedurende Julie, het die koers van toename gedurende die tydperk van vier maande vanaf April tot Julie teen 'n jaarkoers egter slegs 12 persent beloop. Die toename gedurende die eerste sewe maande van 1976 het gevolglik 13 persent bedra, in vergelyking met 21 persent gedurende die tweede helfte van 1975 en 'n toename van 16 persent gedurende 1975 in sy geheel.

Omdat die bankkrediet aan die private sektor slegs 'n taamlik klein verdere bydrae gemaak het, is die oorsake van veranderings in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tydperk April-Julie 1976 in wese verminder tot voortgesette groot toenames in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor wat slegs gedeeltelik deur buitengewoon groot dalings in die netto goud- en ander buitelandse reserwes geneutraliseer is. Gedurende die eerste sewe maande van 1976 het die toename in die seisoens-aangesuiwerde netto eise van die banksektor teen die regeringsektor bykans R1 100 miljoen beloop. Nadat dit gedurende Junie 1976 alleen met meer as R400

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1976

R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1976	2e kw. 1976	Julie 1976	1e kw. 1976	2e kw. 1976	Julie 1976
Netto goud- en ander buitelandse reserves	-68	-468	-155	-37	-545	-151
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	244	236	-53
Regeringsdeposito's (toename —, afname +)	-248	579	85
Netto eise	-4	815	32	368	638	92
Eise teen die private sektor	191	-46	25	106	5	68
Private langtermyndeposito's (toename —, afname +)	154	-28	11	128	74	28
Netto ander bates	-121	196	-10
Totale oorsake van veranderings	152	469	-97	305	361	-24


miljoen toegeneem het, het die seisoens-aangesuiwerde netto eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende Julie egter met die betreklik matige bedrag van R92 miljoen toegeneem. Die netto goud- en ander buitelandse reserves van die banksektor, seisoensaangesuiwerd, het gedurende die tweede kwartaal van 1976 en Julie skerp met R696 miljoen gedaal. Die langtermyndeposito's van die private sektor, seisoensaangesuiwerd, het hul afwaartse beweging wat gedurende die eerste kwartaal van 1976 begin het, voortgesit.

Die bankkrediet aan die private sektor het gedurende die tweede kwartaal van 1976 byna onveranderd gebly maar gedurende Julie taamlik sterk gestyg. Die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename gedurende die tydperk April-Julie 1976 het minder as 3 persent beloop, in vergelyking met ongeveer 5 persent gedurende die eerste kwartaal van die jaar. Vir die eerste sewe maande van die jaar het die jaarkoers van toename ietwat minder as 4 persent bedra. Dit kan vergelyk word met 'n toename van 17 persent gedurende die kalenderjaar 1975.

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal van 1976 nog betreklik sterk gestyg het, het die totale diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende die vier maande April-Julie met ongeveer R100 miljoen gedaal. In teenstelling met die neiging in die leenbedrywigheid van die banke aan die private sektor in die algemeen, het die huurkoopkrediet en verhuuringsfinansiering wat deur hierdie instellings toegestaan is, gedurende hierdie tydperk egter aangehou om taamlik opmerklik te styg.

Die oorskotlikwiditeit van bankinstellings het, nadat dit tot baie lae vlakke aan die einde van Februarie gedaal het, gedurende Maart, April en Mei stram gebly voordat dit skielik aan die einde van Junie tot 5,1 persent van die totale verpligtings teenoor die publiek vir die handelsbanke en 3,4 persent vir alle banke gestyg het. Hierdie styging was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van meer as R250 miljoen in die banke

Oorskot- likwiede bates van handelsbanke, aksepanke en monetêre huurkoop- en algemene banke



se besit aan likwiede bates gedurende Junie, wat duidelik in verband gestaan het met die groot toename in netto bankkrediet aan die regeringsektor gedurende daardie maand. Gedurende Julie het die hoë marginale likwiede batevereistes soos toegepas op die toename in die kort- en middeltermynverpligtings van die banke gedurende Junie, tesame met 'n afname in hul besit

Surplus-likwiditeitsverhoudings van bankinstellings, 1976 %

	Mrt.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.
Handelsbanke	1,8	1,3	0,8	5,1	1,1
Ander monetêre banke	-1,2	0,2	0,8	0,3	0,6
Ander banke	0,4	1,6	-0,3	-0,1	1,7
Alle banke	0,8	1,0	0,7	3,4	0,9

aan likwiede bates, egter meegebring dat die oorskotlikwidietsverhoudings van die handelsbanke en van alle banke na 'n vlak van ongeveer 1 persent teruggekeer het.

Die toestand op die geldmark het gedurende Junie, Julie en Augustus betreklik stram gebly. In teenstelling met die gewone verloop van sake in 'n stram toestand, is die diskontohuise gedurende hierdie tydperk feitlik aanhoudend deur die kapitaalvereistes van die Bankwet verhinder om verdere deposito's te aanvaar. Hierdie toestand het gelei tot 'n aansienlike toename in die banke se saldo's, bo en behalwe die aanvullende kontantvereistes, by die Nasionale Finansiële korporasie, wat, by een geleentheid gedurende Junie, meer as R600 miljoen bedra het. Soos in die *Reserwebank se Jaarlikse Ekonomiese Verslag* opgemerk is, was hierdie toestand, alhoewel gewoonlik 'n aanduiding van 'n ruim geldmarktoestand, in plaas daarvan 'n weerspieëling van die sterk vraag van die banke na likwiede bates op grond van die hoë likwiede batevereistes.


Die rentekoerse op die geldmark het, as 'n weerspieëling van die stram likwiditeits-toestand gedurende die grootste deel van die tydperk Junie tot Augustus 1976, op 'n hoë peil gebly. Die diskontokoers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld, nadat dit gedurende Junie op 10,75 persent gekwoteer is, tot 10,60 persent op 2 Julie gedaal en vervolgens, ná die verhoging van die Bankkoers op 22 Julie, tot 11,15 persent op 23 Julie gestyg. Die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande het, as 'n weerspieëling van die verhandelbare depositosertifikaat se rol as 'n instrument vir regstelling van likwiditeit, gedurende hierdie tydperk opmerklik geskommel. Nadat dit tot 13,50 persent op 11 Junie gestyg het, het die koers op verhandelbare depositosertifikate van drie maande skerp gedaal tot 10,60 persent op 2 Julie, weer tot 12,50 persent op 6 Augustus gestyg, en vervolgens tot 11,35 persent op 27 Augustus gedaal. Die skatkiswissel-tenderkoers het tot die verhoging van die Bankkoers rondom 7,30 persent geskommel, waarna dit tot 7,72 persent op 23 Julie en vervolgens verder tot 7,78 persent op 6 Augustus gestyg het voordat dit tot 7,74 persent op 27 Augustus gedaal het. Die rentekoerse op deposito's by bankinstellings het gedurende Junie, Julie en Augustus onveranderd gebly.

Staatsfinansies


Die belangrikste ontwikkeling op die gebied van die staatsfinansies gedurende die tweede kwartaal van 1976, d.w.s. die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1976/77, was 'n opmerklike styging in skatkisuitreikings. Uitreikings aan staatsdepartemente en, onregstreeks deur middel van die verantwoordelike staatsdepartemente, ook aan verskeie buite-begrotingsliggame en -organisasies, was 39 persent hoër as

die reeds betreklik hoë syfer vir die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar. Die 1976/77-Begroting, soos gewysig, het voorsiening gemaak vir 'n styging van 13 persent in staatsuitgawes en daar kan dus verwag word dat skatkisuitreikings slegs matig sal toeneem gedurende die oorblywende drie kwartale van die huidige fiskale jaar, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Dit was reeds duidelik in Julie toe uitreikings in werklikheid laer as die vlak van Julie 1975 was.

Ontvangste en uitreikings op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skuldaflissing)



Tekort op die Skatkisrekening (uitgesonderd lenings en skuldaflissing)



Die skerp styging in skatkisuitreikings gedurende die tweede kwartaal van 1976 is grootliks meegebring deur die groter gebruikmaking van Tesouriefondse deur buite-begrotingsliggame en -organisasies. Hierdie liggame en organisasies maak normaalweg van hulle beskikbare surplussaldo's by die Staatskuldkommissaris se gebruik om hulle uitgawes gedurende die openingsmaande van die fiskale jaar te finansier. As gevolg van groter trekkings as gewoonlik op hulle saldo's by die Staatskuldkommissaris se gedurende die fiskale jaar 1975/76, moes hulle egter gedurende die eerste kwartaal van die nuwe fiskale jaar meer op Tesouriefondse steun. Daarbenewens moes sommige staatsdepartemente verpligtings wat na die eerste kwartaal van die 1976/77 fiskale jaar uitgestel is, nakom.

Alhoewel skatkisontvangste gedurende die tweede kwartaal van 1976 17 persent hoër was as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar en die koers van toename die verwagte styging van 11 persent in staatsinkomste gedurende die fiskale jaar 1976/77 in sy geheel oorskry het, word die hoër direkte belasting wat in die 1976/77-Begroting aangekondig is nog nie ten volle in hierdie ontvangste weerspieël nie. In totaal was die gevolg dat die Skatkisrekening 'n rekordtekort (uitgesonderd lenings en skuldaflodings) van R936 miljoen in die tweede kwartaal van 1976 getoon het. In ooreenstemming met die algemeen aanvaarde mening dat die meer beperkende Begroting eers sy uitwerking gedurende die derde kwartaal van 1976 sou begin toon, het die skatkistekort gedurende Julie merkbaar gedaal, toe dit slegs R28 miljoen bedra het.

Die skerp uitvloeiing van fondse wat gedurende die eerste kwartaal van 1976 deur die Staatskuldkommissaris se ondervind is, het gedurende die tweede kwartaal 'n ommeswaai getoon en die Kommissaris se was in staat om gedurende die tweede kwartaal R202 miljoen tot die finansiering van die skatkistekort by te dra. Die private nie-banksektor het R58 miljoen bygedra, hoofsaaklik in die vorm van verpligte leningsheffings en 'n bedrag van R120 miljoen is deur die Tesourie van die Betaalmeester-generaal geleen. Netto buitelandse lenings het slegs R6 miljoen bedra. Die grootste gedeelte van die tekort, naamlik R550 miljoen, moes gefinansier word deur 'n toename in die netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor. Dit het bestaan uit die gebruik van beskikbare kontantsaldo's, insluitende Stabilisasierekeningfondse, ten bedrae van R403 miljoen en 'n styging van R147 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse.

Op 28 Junie is twee nuwe effekte-uitgiftes gemaak om saam te val met die terugbetaling van staatseffekte ten bedrae van R259 miljoen wat op 1 Julie afgelos moes word. Aansoeke vir die nuwe effekte, uitsluitende dié van die Staatskuldkommissaris se, het R318 miljoen bedra, waarvan R289 miljoen inskrywings deur die

monetêre banksektor verteenwoordig het. Die uitreiking van Nasionale Verdedigingsobligasies, wat in die 1976/77-Begroting aangekondig is, het op 1 Julie begin en tot 31 Augustus het die uitgifte aansoeke ten bedrae van R61 miljoen getrek, hoofsaaklik vanaf versekeraars en pensioenfondse. 'n Spesiale uitgifte van langtermynstaatseffekte teen 'n koers van 10,5 persent is op 24 Augustus 1976 vir inskrywing deur die Staatskuldkommissaris se oopgestel.


Kapitaalmark

Toestande in die kapitaalmark het gedurende die huidige afswaai van die konjunkturgolf-stram gebly. Gedurende die tweede kwartaal van 1976 en Julie en Augustus het toestande selfs nog verder vernou.


In die mark vir vaste-rentedraende effekte het die meeste opbrengskoerse tot hoër vlakke gestyg en die welslae van nuwe uitgiftes is oor die algemeen nadelig geraak deur die groot vraag na fondse in verhouding tot die beskikbaarheid van sodanige fondse en deur beleggers se verwagtings aangaande 'n verdere styging in rentekoerse. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het tot 24 Augustus onveranderd op 10 persent gebly, maar die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van die hoogste graad semi-prima-effekte het vanaf 11,58 persent in Maart 1976 tot 12,24 persent in Augustus gestyg. Hierdie styging het die opbrengskoeismarge tussen langtermynprima- en -semi-prima-effekte vanaf 1,58 persent in Maart tot 'n nuwe rekordvlak van 2,24 persent in Augustus vergroot. Die opbrengskoers op 'n spesiale uitgifte van langtermynstaatseffekte vir inskrywing deur die Staatskuldkommissaris se, is egter op 24 Augustus op 10,5 persent vasgestel. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van maatskappyskuldbriewe, wat gedurende die voorafgaande twaalf maande tussen 13,25 en 13,50 persent gewissel het, het in Julie tot 13,75 persent gestyg. Ten spyte van hierdie hoër opbrengskoerse is die meeste nuwe uitgiftes van semi-prima-effekte nie volskryf nie en die stram marktoestande het 'n aantal voornemende leners daartoe beweeg om nuwe uitgiftes wat vir die res van die jaar beplan was ôf uit te stel ôf af te stel.

Die meeste afdelings van die aandelemark het gedurende die tydperk April tot Julie 1976 terneergedruk gebly. Goudmynaandelepryse het hul afwaartse beweging voortgesit en gedurende hierdie tydperk van vier maande met 20 persent gedaal. Nywerheids- en handelsaandelepryse het min of meer op dieselfde betreklik lae vlak as in die eerste kwartaal gebly en die pryse van finansiële aandele het effens laer as die vlak van die eerste kwartaal gedaal. Die enigste afdelings van die aandelemark waarvan die pryse verbeter het, was steenkoolmynaandele en metaal- en mineraal-aandele, uitgesonderd goud- en steenkoolmynaandele. In hierdie twee afdelings het die aandelepryse met onderskeidelik 56 persent en 14 persent gedurende die betrokke tydperk van vier maande gestyg.


Opbrengskoerse op effekte en aandele



Opbrengskoersmarge tussen langtermyn-semi-prima- en prima-effekte



Opbrengskoersmarge tussen langtermyn-prima-effekte en nywerheids- en handelsaandele



Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het in Julie 1976 tot die baie hoë vlak van 9,02 persent gestyg en die omgekeerde rendementsgaping tussen langtermynstaatseffekte en gewone aandele is tot net minder as 1 persent verminder. Die bygaande tabel toon dat hierdie opbrengskoersmarge sedert 1973 aansienlik vernou het.

Opbrengskoersmarge tussen langtermynstaatseffekte en gewone aandele

	1971	1972	1973	1974	1975	1976 1ste helfte
Gemiddelde maandelikse marge	2,34	3,51	3,42	2,24	1,59	1,68

Die beweging van langertermynfondse na deposito-nemende en verwante instellings het gedurende die tweede kwartaal van 1976 effens toegeneem nadat dit gedurende die eerste kwartaal aansienlik afgeneem het. Spaar- en langtermyndeposito's by bankinstellings, wat gedurende die eerste kwartaal met R93 miljoen (ná uitskakeling van seisoensbewegings) afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal met R59 miljoen toegeneem. Die seisoensaangesuiwerde inname van nuwe fondse deur die bouverenigings en deelnemingsverbandskemas het egter gedurende die tweede kwartaal verder afgeneem en het R114 miljoen bedra, vergeleke met R176 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Die seisoensaangesuiwerde beweging van fondse na die bouverenigings het in Julie R28 miljoen bedra, wat ietwat minder was as die maandelikse gemiddelde van R33 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Die seisoensaangesuiwerde beweging van fondse na die staatspaarfasiliteite het gedurende die tweede kwartaal R46 miljoen bedra, vergeleke met R33 miljoen gedurende die eerste kwartaal.

As gevolg van die kleiner invloed van fondse, het die bouverenigings hul verbanduitleenbedrywighede verminder. Nuwe verbandlenings wat gedurende die tydperk April tot Julie 1976 toegestaan is, het gemiddeld R80 miljoen per maand bedra, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R100 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Nuwe verbandlenings wat deur die deelnemingsverbandskemas uitbetaal is, het insgelyks afgeneem vanaf R42 miljoen in die eerste kwartaal tot R36 miljoen in die tweede kwartaal.

Die dalende neiging in vaste eiendomstransaksies vanaf die einde van 1975, het gedurende die tweede kwartaal van 1976 voortgeduur. Die waarde van hierdie transaksies, seisoensaangesuiwerd, was gedurende die tweede kwartaal gemiddeld 14 persent laer as gedurende die eerste kwartaal.

Verklaring insake die tydelike instelling van deposito's op invoere

Gesamentlik uitgereik deur die Minister van Finansies, Sy Edele sen. O. P. F. Horwood, en die Minister van Ekonomiese Sake, Sy Edele J. C. Heunis

21 Julie 1976

Gedurende die afgelope jaar is die verwagte sikliese verbetering in Suid-Afrika se betalingsbalans vertraag deur 'n reeks onverwagte ongunstige verwickelinge, met insluiting van die skerp afname in die goudprys sedert Augustus 1975, die abnormale duur en diepte van die wêreld ekonomiese resessie van 1973-75, en die meer onlangse afname in die netto invloeiing van buitelandse kapitaal. Teen hierdie agtergrond het die owerhede 'n reeks fundamentele monetêre en fiskale maatreëls ingestel met die doel om die betalingsbalans te versterk en om terselfdertyd tot 'n verdere vermindering in die inflasiekoers by te dra. Hierdie maatreëls sluit in hoër likwiede batevereistes vir bankinstellings, plafonne op bankkrediet aan die private sektor en die onlangse konserwatiewe Begroting, wat waarskynlik sy volle uitwerking vanaf die derde kwartaal van 1976 sal toon.

Dit word met vertroue verwag dat hierdie monetêre en fiskale beleidsmaatreëls hulle doelstellings sal bereik. In onlangse maande was daar reeds bewyse van 'n verbetering in die betalingsbalans in lopende rekening. Uitvoere het 'n nuwe opwaartse beweging begin en gedurende Mei was daar 'n besondere skerp daling in invoere. Verder behoort die proses van betalingsbalansherstel in die tydperk wat voorlê deur die huidige ekonomiese oplewing in die vernaamste nywerheidslande bevorder te word, asook deur die gunstige uitwerking op die lopende rekening van die devaluasie van September 1975, wat ná die gewone tydsloering nou in 'n toenemende mate ondervind word. Gegewe die huidige verminderde koers van toename van totale openbare en private besteding, behoort die lopende rekening ook te baat by 'n natuurlike vermindering in die voorrade van ingevoerde goedere, wat gedurende die eerste kwartaal van 1976 tot 'n abnormaal hoë peil opgebou is.

Vir die huidige is die lopende tekort egter nog oormatig groot, en aangesien dit in onlangse maande nie voldoende deur 'n netto invloeiing van buitelandse kapitaal gedek is nie, het die amptelike goud- en ander buitelandse reserves 'n aansienlike daling sedert die einde van die eerste kwartaal van 1976 getoon. Bowendien sal die reserves, selfs met 'n afnemende lopende tekort, waarskynlik vir etlike maande onder druk bly voordat hulle hul volgende opwaartse fase binnegaan. Daar moet natuurlik ook rekening gehou word met die aansienlike toename gedurende die afgelope vyftien maande in die buitelandse korttermynskuld van die amptelike en banksektor, wat in die tydperk wat voorlê hernieu of terugbetaal moet word.

In die lig van hierdie oorwegings het die Regering dus besluit om die bestaande fundamentele monetêre en fiskale beleid deur die instelling van 'n tydelike invoerdepositoskema aan te vul. Die hoofdoel van

hierdie bykomende maatreël is om die verwagte verbetering in die betalingsbalans te verhaas en om te verseker dat die ekonomie die volle voordeel sal trek van die ekonomiese oplewing wat tans in die vernaamste nywerheidslande aan die gang is.

Die nuwe skema sal op 2 Augustus 1976 ingestel word en soos volg werk:

Volgens 'n Proklamasie wat op 23 Julie 1976 in die Staatskoerant gepubliseer sal word, sal 'n deposito van twintig persent, bereken tot die naaste rand van die vry-aan-boordprys van sodanige goedere, op alle goedere wat in die Republiek ingevoer word en met ingang van 2 Augustus 1976 geklaar word, betaalbaar wees, behalwe ten opsigte van daardie kategorieë goedere wat spesifiek in die Proklamasie van die betaling van sodanige deposito vrygestel is.

Die deposito moet in kontant of per bankgewaarborgde tjek aan die Kontroleur van Doeane en Aksyns ten tyde van direkte klaring vir binnelandse verbruik of klaring vir opslag in 'n doeane-en-aksynspakhuis, betaal word. Geen rente sal op die deposito, wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank na 'n periode van ses maande aan die invoerder terugbetaal sal word, betaalbaar wees nie.

Indien die invoerder versuim om die vereiste deposito aan die Kontroleur van Doeane en Aksyns te betaal, sal klaring van sodanige goedere geweier word.

Die goedere wat van die betaling van die deposito vrygestel is, is soos volg:

- (a) Mineraalbrandstowwe, mineraalolies en produkte uit die distillasie daarvan, bitumineuse stowwe en mineraalwasse indeelbaar by Hoofstuk 27 van Bylae No. 1 by die Doeane- en Aksynswet, 1964;
- (b) staatsinvoere en sekere ander goedere soos gespesifiseer in die Proklamasie en geklaar kragtens Bylae No. 4 by die Doeane- en Aksynswet, 1964;
- (c) goedere met 'n vry-aan-boordprys van meer as R10 000, ten opsigte waarvan daar aan die Kontroleur van Doeane en Aksyns ten tyde van die klaring 'n sertifikaat verskaf word wat deur die Sekretaris van Nywerheidswese uitgereik is waarin verklaar word dat daardie goedere noodsaaklike kapitaalgoedere of -toerusting is wat in verband met die uitvoering van 'n ontwikkelingsprojek, en nie vir vervangingsdoeleindes nie, benodig is. Die Sekretaris van Nywerheidswese sal so 'n sertifikaat na goeddunke kan uitreik of weier;
- (d) goedere ingevoer uitsluitlik vir heruitvoer in hul oorspronklike vorm na 'n ander land as Botswana, Lesotho of Swaziland;
- (e) goedere waarvan die prys vry-aan-boord R100 of minder bedra; en
- (f) invoere na of goedere bestem vir Botswana, Lesotho en Swaziland by die voorlegging van 'n sertifikaat wat deur die verantwoordelike owerhede in daardie lande uitgereik is.

Verklaring insake verhoging van die Bankkoers

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr. T. W. de Jongh

21 Julie 1976

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie, het die Reserwebank besluit om die Bankkoers vanaf $8\frac{1}{2}$ tot 9 persent per jaar met ingang 22 Julie 1976 te verhoog.

Hierdie stap verteenwoordig 'n logiese uitbreiding van die bestaande korrektiewe monetêre en fiskale beleid, wat tans 'n toenemende uitwerking toon en tot 'n verlansaming van die koers van toename van sowel binnelandse bankkrediet as die hoeveelheid geld en kwasi-geld bydra.

In sy besluit om hierdie verhoging aan te bring het die Reserwebank ook in ag geneem die waarskynlike uitwerking op die monetêre en banktoestand van die tydelike invoerdepositoskema wat vandag in 'n gesamentlike verklaring deur die Minister van Finansies en die Minister van Ekonomiese Sake aangekondig is.

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-56 tot S-63

Soos wat hierdie tyd van die jaar gebruiklik is, is die syfers wat in tabelle S-56 tot S-63 weergegee word hersien ten einde beter statistiese gegewens wat beskikbaar gekom het en herberekende seisoensfaktore daarin op te neem. In die besonder is die syfers t.o.v. die waarde van goedere-invoere en -uitvoere aansienlik hersien aan die hand van bykomende inligting wat van die Departement van Doeane en Aksyns verkry is en deur die opname van hersiene handelstatistiek vir Botswana, Lesotho en Swaziland. Alhoewel sekere inligting wat uit die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates verkry is, ook by die hersienings in berekening gebring is, sal 'n meer omvattende hersiening van betalingsbalansgegewens wat op die sensusresultate gebaseer is, in die nabye toekoms gemaak word. Afgesien van beter statistiese gegewens is die winste of verliese op die Gebeurlikheidsrekening vir Termynkontrakte in hierdie hersienings herklassifiseer as 'n korttermynkapitaalsoort van die private sektor in plaas van as 'n korttermynkapitaalsoort van die sentrale regering en banksektor. Hierdie herklassifikasie is gedoen ná oorlegpleging met die Internasionale Monetêre Fonds aangesien die winste of verliese op valutatermynkontrakte in hierdie rekening uit hoofde van kapitaalbewegings van die private sektor ontstaan.

Tabelle S-64 tot S-67

Besonderhede van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1974, tesame met vergelykbare gegewens soos aan die einde van 1973, word in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad*

gepubliseer. Die gegewens vir 1974 is gebaseer op 'n jaarlikse steekproefopname wat in 'n groot mate verbeter is aan die hand van inligting wat uit die tweede Sensus van Buitelandse Transaksies, Laste en Bates verkry is. Vergelykbare jaarsyfers vir die tydperk voor 1973 is in hierdie stadium nog nie beskikbaar nie.

Buitelandse laste

Gedurende 1974 het Suid-Afrika se totale buitelandse laste met R2 377 miljoen of 22,9 persent tot R12 757 miljoen toegeneem. Hierdie aansienlike toename was hoofsaaklik die gevolg van verhoogde buitelandse lenings deur die sentrale regering en banksektor en deur openbare korporasies, 'n verdere skerp styging in die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde wins toegedeel aan buitelanders, en 'n aansienlike styging in buitelandse korttermynlaste wat met 'n ooreenstemmende toename in goedere-invoere verband gehou het. Die buitelandse regstreekse belegging in die land het gedurende 1974 met R1 078 miljoen of 19,2 persent toegeneem, terwyl die buitelandse onregstreekse belegging met R1 299 miljoen of 27,3 persent toegeneem het. Alhoewel die toename in die buitelandse regstreekse belegging in nagenoeg al die verskillende klasse laste voorgekom het, was stygings in die aandeelpremie, reserwes en onverdeelde wins en korttermynkapitaal vir meer as 80 persent van die totale styging verantwoordelik. Verband- en ander langtermynlenings wat in die buiteland verkry is, was op hul beurt weer hoofsaaklik vir die toename in die buitelandse onregstreekse belegging verantwoordelik. Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat die buitelandse belegging in gewone

en ander aandeelkapitaal teen nominale waarde slegs effens gestyg het en dat die buitelandse onregtreekse belegging in aandeelkapitaal gedurende 1974 in werklikheid effens gedaal het. Alhoewel 'n toename in die invloeiing van kapitaal na die private sektor in 'n groot mate verantwoordelik was vir die aansienlike toename in Suid-Afrika se buitelandse laste gedurende 1974, het buitelandse lenings deur die sentrale regering aansienlik bygedra tot die sneller koers van toename in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor. Die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor as persentasie van die totale buitelandse laste het vanaf 11,7 persent aan die einde van 1973 tot 12,8 persent aan die einde van 1974 toegeneem.

'n Indeling van Suid-Afrika se buitelandse laste volgens geografiese gebied toon dat die buitelandse laste van die land teenoor al die gebiede wat in hierdie tabel onderskei word, toegeneem het, met die mees opmerkbare toename in die geval van Noord- en Suid-Amerika. Die persentasie-aandeel van Noord- en Suid-Amerika in die totale buitelandse laste van die land het vanaf 17,1 persent aan die einde van 1973 tot 20,0 persent aan die einde van 1974 gestyg. Daarteenoor het die persentasie-aandeel van die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap oor dieselfde tydperk van 64,5 tot 62,3 persent gedaal.

Buitelandse bates

Gedurende 1974 het Suid-Afrika se buitelandse bates met R417 miljoen of 12,3 persent tot R3 814 miljoen aan die einde van daardie jaar toegeneem. Hierdie toename het hoofsaaklik in die buitelandse bates van die private sektor voorgekom, maar die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor het ook effens met 4,7 persent gestyg. Die betreklik stadige groeikoers in die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor gedurende 1974 was aan 'n matige daling in die goud- en ander buitelandse reserves toe te skryf. Die buitelandse bates van die private sektor het gedurende 1974 egter met nie minder nie as R349 miljoen of 17,8 persent toegeneem tot 'n bedrag van R2 311 miljoen aan die einde van daardie jaar. Hierdie skerp toename in die buitelandse bates van die private sektor was hoofsaaklik in die vorm van regstreekse belegging. Meer in die besonder was dit toe te skryf aan 'n toename in die aandeelpremie, reserves en onverdeelde wins van Suid-Afrikaansbeheerde buitelandse maatskappye. Onregstreekse belegging in die buiteland deur die private sektor het gedurende 1974 slegs matig toegeneem.

Gedurende 1974 het die persentasie-aandeel van Noord- en Suid-Amerika in die totale buitelandse bates van Suid-Afrika skerp vanaf 10,0 persent aan die einde van 1973 tot 13,6 persent aan die einde van 1974 gestyg. Alhoewel hierdie toename in sowel langtermyn- as korttermynkapitaal voorgekom het, het laasgenoemde

in die besonder gedurende 1974 aansienlik gestyg. Die relatiewe aandeel van Noord- en Suid-Amerika het toegeneem ten koste van die lande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap wie se aandeel vanaf 33,0 persent aan die einde van 1973 tot 30,8 persent aan die einde van 1974 gedaal het. Die aandeel van die ander gebiede en van internasionale organisasies het nagenoeg onveranderd gebly.